ENGLISH TEXT BELOW

MAANDELIKSE NUUSBRIEF: JUNIE 2020

Hierdie nuusbrief word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep ("HSAG") op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Hierdie e-pos is vertroulik en uitsluitlik vir die geadresseerde bedoel. As u dit per ongeluk / verkeerdelik ontvang het, stel asseblief die versender by hsagenquiries@gmail.com onmiddellik in kennis en vernietig dit. U mag nie 'n e-pos, of enige deel daarvan, wat foutiewelik ontvang aan enigiemand anders stuur, kopieer of openbaar nie. HSAG se webmeester gebruik antivirusprogrammatuur om virusse en ander kwaadwillige kodes te voorkom. Hierdie sagteware kan egter nie so 'n kode altyd voorkom of uitwis nie. Die HSAG of sy verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat voortspruit uit ontvangs of gebruik van hierdie e-pos of andersins, of dit voortspruit uit die nalatigheid van HSAG, sy lede, bestuurskomitee en agente of andersins nie.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting, onderhewig aan die vrywaring daarin vervat (en ook hierop van toepassing) kan bekom.

Die verpligting rus op u as HSAG lid om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede.

HSAG AMPTELIKE NUUSBRIEF – INHOUDSOPGAWE

1 DIE VRAAG IS: HOE GAAN DIT MET DIE HSAG?

2 DIE HSAG KLAS-AKSIE – DIE EEN EN ENIGSTE KLAS-AKSIE IN DIE PICKVEST SAGE

3 ALGEMENE NAVRAE EN TERUGVOER

4 JAARLIKSE OPVRAGING: 2020

5 HS 21 & 22 GESERTIFISEERDE KLAS-AKSIE: OPT-IN & FICA

6 BELEGGERS MET EISE IN HS 15 TOT 20

7 ORTHOTOUCH EN ZEPHAN SAKEREDDING

8 UIT DIE PEN VAN 'N BELEGGER

9 ONLANGS IN DIE MEDIA: ORTHOTOUCH: ADMINISTRATIEWE FOUTE HET GELEI TOT "VALSE PERSEPSIE VAN ONBEHOORLIKHEID"

10 GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE

11 BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

1. DIE VRAAG IS: HOE GAAN DIT MET DIE HSAG?

Die antwoord is, onder hierdie ongewone moeilike omstandighede en ten midde van ‘n wêreldwye pandemie, inderdaad baie goed en aan die gang!

Nieteenstaande die nasionale Covid-19 inperking wat inwerking was vir die grootste deel van hierdie jaar sover en steeds nog nie gelig is nie (terwyl meeste van ons lede steeds in hul huise moet bly), is ons steeds sterk op pad ten spyte van hierdie ongekende gebeurtenis, wat die hele wêreld, sowel as ons siviele regsisteeml tot stilstand gebring het.

2. DIE HSAG KLAS-AKSIE – DIE EEN EN ENIGSTE KLAS-AKSIE IN DIE PICKVEST SAGE

Daar het onlangs gerugte op sosiale netwerke ontstaan dat daar individue is wat aktief poog om HSAG-lede te werf vir ’n “nuwe klas-aksie” teen Georgiou en ander. Die HSAG stel sy lede gerus dat dit die enigste gesertifiseerde klas-aksie tot stand gebring het en ook dat daar ’n opvolgende klas-aksie ingestel is wat dieselfde ten doel het.

Volgens verdere gerugte beoog diegene wie ’n klas-aksie wil begin (na sodanige persone vir die afgelope 5 jaar ernstig gekant was teen die klas-aksie prosedure) om nou lede te werf met die belofte van ’n ledebydrae van ‘n skamele R100 per persoon. Ondervinding het getoon dat dit ‘n fabel is wat glad nie haalbaar is nie.

Klas-aksies is gespesialiseerde regsgedinge en is die administrasie en dryf van litigasie ook gespesialiseerd van aard. Tensy die teenstander 'n groot en kapitaalkragtige pensioenfonds, goudmyn of multinasionale korporasie is, bly die beste (en deur die hof goedgekeurde) befondsingsmodel steeds 'n behoorlik geoliede, privaat-befondsingsmodel. Die HSAG is tot dusver (sedert vyf jaar gelede en van die begin af) verteenwoordig deur dieselfde regspan wat ook deur die hooggeregshofbevel as geskik gesertifiseer is om dit te doen.

HSAG-lede was al voorheen daaroor gewaarsku, soos weer hierin herhaal, dat enige nuwe sake waarskynlik met ’n suksesvolle verweer van verjaring begroet kan word.

Die HSAG se gesertifiseerde klas-aksie is, op advies van ons advokatuur, nie onderhewig aan verjaring nie.

Private vervolging in sindikasie maatskappye? Sharemax

Die media gons tans oor AfriForum se onlangse bekendmaking dat hul privaatvervolginseenheid, onder leiding van Adv. Gerrie Nel, die Nasionale Vervolgingsgesag ("NVG") nader met 'n aansoek om 'n bewaringsbevel toe te staan teen die Nova Eiendomsgroep om te verhoed dat die groep eiendomme vir minder as die markwaardes verkoop. HSAG lede kan die Sharemax storie vergelyk met Pickvest.

Volgens AfriForum kan die Batebeslaglegginseenheid van die NVG die eiendomme ingevolge 'n hofbevel in bewaring neem, maar het die NVG nog geen sodanige stappe geneem nie. In die Pickvest saga het die NVG ook geen stappe geneem nie.

AfriForum voer aan dat hul ondersoeke bewyse oplewer dat die direkteure van Nova vir hulself buitensporige salarisse betaal en dat dit blyk dat Nova, die reddingsvoertuig vir die Sharemax skema, huidig ontslae raak van eiendomme in 'n poging om likwidasie te vermy. In die Pickvest debakel is eise *inter alia* dat die maatskappye betaling ontvang het vir eiendomme wat hulle nooit oorgedra het nie.

AfriForum versoek dat 'n kurator aangestel word om die eiendomme tot voordeel van die voormalige Sharemax beleggers te verkoop.

Die beweringe deur AfriForum wat verband hou met buitensporige salarisse is interessant, veral in lig van Connie Myburgh, die voorsitter van die Nova eiendomsgroep, se skrywe waarin hy poog om 'n bekende ondersoekende finansiële joernalis te verkleineer deur aan te voer dat hy slegs 'n karige salaris verdien in vergelyking met wat hy (Myburgh) verdien, as senior regspraktisyn met baie jare se ervaring. (sien die artikel hieronder)

Alhoewel dit goeie nuus vir Sharemax beleggers is dat AfriForum die NVG bystaan, beteken dit nie dat AfriForum op hierdie stadium private vervolging instel nie, en is die Sharemax skema ook nie direk verwant aan die HS beleggers (Picvest) nie. Op die stadium gee dit egter hoop dat die bevoordeeldes agter mislukte eiendomsindikasies in Suid-Afrika, waardeur duisende beleggers hul miljarde rande se kapitaal verloor het, verantwoordbaar gehou sal word deur die owerhede vir hul gewetenlose dade.

COVID-19

Die Covid-19 pandemie het nie die klas-aksie ontspoor nie, maar tog die proses vertraag, aangesien howe nie in normale werking is nie, en die klas-aksies nie in terme van die reg beskou word as dreigend en dringende sake wat noodsaaklik is gedurende hierdie ongekende tye nie.

Nieteenstaande die Covid-19 aanslag en vertragings wat die afgelope paar maande ervaar is nie, is die regspan gereed en ingestel om sodra die howe weer volstoom in werking is, voort te gaan met die regsake.

Die HSAG Bestuur wil sy lede hartlik bedank vir die volgehoue ondersteuning die afgelope tyd.

3. ALGEMENE NAVRAE EN TERUGVOER

Die regsproses is oor die algemeen ingewikkeld en uitdagend en kan frustrerend wees, veral vir diegene wat dit nie ken nie. Alhoewel die HSAG voortdurend poog om lede op hoogte te hou van die regsproses, is dit nie moontlik om die volle proses deur middel van die nuusbrief te verduidelik nie, en is die HSAG se sake ook geensins eenvoudig nie.

Ten einde lede by te staan word daar kortliks hieronder verduidelik wat die HSAG is, waarom die HSAG struktuur tot stand gebring is, sowel as die huidige hofsake verwant aan, of voortspruitend uit, die HSAG.

Wat is die HSAG?

Die HSAG is ŉ vrywillige groep wat bestaan uit ‘n groot aantal beleggers in die HS maatskappye wat die litigasie ondersteun as die enigste uitweg om beleggers se miljarde te vorder. Die HSAG Bestuur is die dryfkrag agter die HSAG se hofsake, tesame met die regspan, Theron & Vennote.

Die geheim tot die HSAG struktuur, is die ekonomie van skale, wat voorsiening daarvoor maak dat ŉ massa-groep beleggers gesamentlik minimale bydraes maak om die litigasie te voer. Individuele litigasie kan honderde duisende rande beloop, en op ŉ individuele basis is daar slegs enkele beleggers wat die litigasie vir hulself kan finansier. Die meerderheid beleggers is dus uitgelewer gelaat en het geen ander keuse gehad as om Georgiou se mislukte skemas en belaglike opsies te aanvaar nie.

Ten einde toegang tot geregtigheid te laat geskied vir daardie uitgelewerde beleggers, is die HSAG met sy groepslede befondsingsmodel gestig met die doel om klas-aksies te loods namens duisende beleggers, om sodoende toegang tot geregtigheid te bewerkstellig op ŉ bekostigbare wyse.

Sedert die ontstaan van die HSAG is sy lede dus regsverteenwoordig teen ŉ fraksie van die kostes van individuele regsverteenwoordiging.

Indien dit nie vir die HSAG was nie, sou daar nie ŉ gesertifiseerde klas-aksie wees vir lede in HS 21 en 22 nie, en sou daar ook nie ŉ klas-aksie uitgereik kon word vir lede met beleggings in HS 15 tot 20 nie.

Die uitgereikte aansoek namens beleggers in HS 15 tot 20 word onder punt 5 bespreek.

CCAF

Die klas-aksie namens beleggers in HS 21 en 22 is vanaf 11 November 2019 tot 13 November 2019 aangehoor en uitspraak is gelewer op 10 Desember 2019.

Hierdie sertifiserings-aansoek is op ŉ bespoedigde wyse hanteer aangesien daardie beleggers se eise gebaseer is op die veel eenvoudiger spesifieke nakoming eis (afdwing van kontraktuele verpligting, nl. die terugkoopklousules). Hierdie aansoek kon op 'n bespoedigde basis hanteer word na beide die Hooggeregshof en Hoogste Hof van Appèl (in die Noormahomed aangeleentheid) beslis het dat die terugkoopklousules afdwingbaar is, ten spyte van die Art 155 Reëlingskema.

Die feit dat die klas-aksie gesertifiseer is, beteken dat die hof gesertifiseer het dat ŉ klas-aksie ŉ toepaslike meganisme is, en dat beide die verteenwoordigers van die klas (applikante) sowel as die regsverteenwoordigers (Theron & Vennote) gepas is om die klas-aksie te voer. Daar bestaan ŉ wêreldwye tendens dat die suksesvolle sertifisering van ŉ klas-aksie normaalweg ŉ skikking tot gevolg het, aangesien ŉ Regter dan reeds beslis het dat dit in die belang van geregtigheid is dat die aangeleentheid aangehoor word as ŉ klas-aksie. Tyd sal leer of dit in hierdie saak ook dieselfde sal wees.

In terme van die sertifisering mag daar egter nie kruisbefondsing plaasvind nie. Dit is om hierdie rede dat daar dikwels na die HS 21 & 22 klas-aksie verwys word as CCAF ("Certified Class Action Fast Track") ten einde te verseker dat die hofbevel gehoorsaam word. CCAF het dus sy eie trustrekening apart van die HSAG trustrekening, en CCAF registrasiegelde word aangewend alleenlik vir die HS 21 & 22 klas-aksie. U HSAG ledebydraes word in die HSAG se trustrekening betaal en word dus nie sondermeer aangewend om die HS 21 & 22 gesertifiseerde klas-aksie te dryf nie.

Ten einde die bogenoemde skeiding tussen die HSAG en CCAF verder te bewerkstellig, is daar ook aparte e-pos adresse vir die CCAF klas-aksie (gesertifiseerde HS 21& 22 klas-aksie). Die e-pos adresse vir beide CCAF en die HSAG is sigbaar onder punt 9 van hierdie nuusbrief.

Die stappe wat volg op die sertifisering van die CCAF klas-aksie, is dat daar nou ‘n klas-aansoek gebring word namens die gesertifiseerde klas in terme waarvan die hof versoek word om te beveel dat die terugkoopklousules afgedwing word.

Hierdie klas-aansoek is reeds in Februarie 2020 uitgereik en wag die regspan tans op Georgiou en ander se antwoordende stukke (die stukke waarin daar beantwoord word op die aantygings gemaak in die stukke uitgereik deur die HSAG regspan). In terme van die Uniforme Hofreëls het Respondente in die gewone loop van sake 5 dae om aan te dui dat ŉ aansoek geopponeer (teengestaan) gaan word, en daarna ŉ verdere 15 dae om ŉ antwoordende verklaring te liasseer. Covid-19 het egter ‘n ernstige belemmering van die hofreëls tot gevolg gehad.

HSAG-lede wat opbetaal was teen 31 Januarie 2020 is outomaties ingesluit by die CCAF klas-aksie sonder om enige stappe te neem. HSAG-lede wat nie opbetaal was nie, of enige ander persone, kon deel wees van die CCAF klas-aksie deur te opt-in op die aanlyn portaal en deur ŉ registrasiefooi te betaal in die CCAF trustrekening, welke registrasiefooie aangewend word om daardie litigasie te voer. In terme van die sertifiseringsuitspraak word die Applikante toegelaat om verdere betalings te versoek by die lede van die klas-aksie indien die registrasiefooie ontvang onvoldoende is om die litigasie te befonds.

Die belang van bogenoemde opt-in proses is dat alle beleggers in HS 21 & 22 ‘n geleentheid gegun is om deel te wees van die CCAF klas-aksie, ongeag daarvan of hulle HSAG-lede is/was. Hierdie bepaling is ook deur die hof gelas en glo die regspan dat dit toegang tot geregtigheid vir meer beleggers moontlik sou maak.

ŉ Verdere belangrike punt is dat die eise van beleggers in HS 21 & 22 op grond van die terugkoopklousules reeds sou verjaar, maar stuit die uitgereikte klas-aksie verjaring vir diegene wat deel is daarvan. Die CCAF klas-aksie kan dus gesien word as die finale geleentheid vir beleggers in HS 21 & 22 om eise af te dwing op grond van die terugkoopklousules.

4. JAARLIKSE OPVRAGING – 2020

Hierdie afdeling is nie van toepassing op CCAF lede nie (daardie nuwe persone wie slegs deel is van die gesertifiseerde HS21 en 22 klas-aksie).

Die kostes verbonde aan litigasie is enorm, en alhoewel die ekonomie tans tot feitlike stilstand gebring is, moet die HSAG regspan en advokatuur steeds hul onverwylde aandag gee aan beleggers se saak/e.

Buiten vir die spesiale voorverhoorheffing betaalbaar deur lede met beleggings in HS 21 en 22, het die HSAG 18 maande laas ’n opvraging gedoen en was daar intussen ’n lywige afgeleide klas-aksie vir beleggers in HS 15 tot 18 uitgereik (hierdie afgeleide klas-aksie word onder punt 5 verder bespreek).

Verder, is Orthotouch en Zephan in sakeredding geplaas en moet die HSAG regspan van kundige advies gebruik maak ten einde die proses te monitor en deel te neem ten einde lede se belange te beskerm. Beleggers is reeds in die verlede in ’n blik gedruk deur die HS sakeredding en gevolglike Art 155 Reëlingskema, en is die regspan bedag daarop dat beleggers in ’n strik kan trap wanneer hul stem ten gunste van sodanige planne en skemas, en gevolglik afstand doen van hul eise. Die HSAG Bestuur neem dus die nodige stappe om ’n herhaling van geskiedenis te voorkom.

Dit behels onder andere ’n deeglike ondersoek na die sakereddingsplanne vir Zephan en Orthotouch, en die oorweging van talle moontlike stappe wat geneem kan word ten einde beleggers se belange te beskerm.

In lig van bogenoemde, is dit nodig om ’n opvraging in 2020 teen lede se state, soos hierby aangeheg, te hef.

Die regspan, in oorlegpleging met die HSAG Bestuur, sal binne die volgende paar maande ’n besluit neem rakende enige versoeke vir bydraes vir 2021.

5. **HS 21 & 22 GESERTIFISEERDE KLAS-AKSIE: OPT-IN en FICA**

Beleggers wat die “opt-in” opsie uitgeoefen het en skriftelik aansoek gedoen het om die registrasiefooie oor ses maande af te betaal deur wyse van die voorgeskrewe aansoekvorm, moet hul totale registrasiefooi binne 6 maande vanaf die datum waarop hul die opt-in vorm voltooi het, ten volle betaal om deel te wees van die gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie. Indien die volle registrasiefooi nie binne ses maande vanaf die “opt-in” tydperk, soos vasgestel, betaal is nie, sal daardie persone ongelukkig nie deel kan wees van die gesertifiseerde klas-aksie (“CCAF”) nie.

U word weereens daaraan herinner (indien u dit nog nie gedoen het nie) om solank u FICA dokumente stuur na accounts@ccaf.co.za.

Daar is persone wat aangedui het dat hul nie bereid is om hul FICA dokumente te voorsien nie, aangesien hul met hul aansluiting (solank soos vyf jaar gelede) reeds sekere dokumente voorsien het. Daar was egter ’n lang tydsverloop sedertdien, en moet daardie

persone ongelukkig ingevolge die FICA wetgewing steeds hul dokumente voorsien vir doeleindes van FICA verifikasie.

Die dokumentasie tans benodig is ŉ afskrif van u Identiteitsdokument, sowel as ŉ bewys van adres (nie ouer as drie maande).

Die regspan bedank diegene wat reeds hul dokumentasie gestuur en hul goeie samewerking tot dusver gegee het.

Die Kennisgewing van Mosie kan besigtig word by:
http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2019/10/Amended-Notice-of-Motion-Fast-Tracking-of-buyback-claims.pdf

Die Hofbevel en uitspraak gelewer deur Regter Tolmay op 10 Desember 2019 kan besigtig word by die volgende skakel:
http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/01/HS2122Order.pdf

6. BELEGGERS MET EISE IN HS 15 TOT 20

Die HS 15 – 20 sertifiserings-aansoek is reeds uitgereik en beteken op Georgiou en andere, en is die onderskeie regsverteenwoordigers tans besig om stukke uit te ruil. Huidig wag die HSAG regspan op die teenkant.

Hierdie sertifiserings-aansoek behels in werklikheid ŉ aansoek namens beleggers in alle sindikasies. Die sertifiserings-aansoek kan onderskei word van die HS21 & 22 klas-aksie wat alleenlik gebaseer is op die afdwing van die kontraktuele terugkoopklousules, deur dat hierdie aansoek gebaseer is op onder andere bedrog en wanvoorstelling.

Aangesien beleggers in **alle** sindikasies hier ingesluit is, dien die aansoek ook as 'n alternatief vir diegene wat nie deel vorm van die HS 21 & 22 gesertifiseerde klas-aksie nie, maar wie wel in HS 21 en/of 22 belê het.

Hierdie klas-aksie word gebring deur middel van ŉ afgeleide aksie (Art 165(6) van die Maatskappyewet) in terme waarvan die Applikante die hof versoek om verlof toe te staan dat die Applikante namens en in die naam van die HS maatskappye eise instel teen Orthotouch, en teen Zephan, die N Georgiou Trust (verteenwoordig deur die trustees, Nic Georgiou, Maureen Lynette Georgiou en Joseph Chemaly) as borge en medeskuldenaars, vir die kooppryse van verskeie eiendomme verkoop aan Orthotouch deur die HS maatskappye in terme van die sakereddingsplan van die HS maatskappye.

In die aansoek word daar verder versoek dat die hof gelas dat Georgiou en sy twee seuns, Michael en George, en die voormalige en huidige direkteure van Orthotouch (Hans Klopper, Connie Myburgh en Panogiotis Kleovoulou), persoonlik aanspreeklik gehou word, saam met Orthotouch, vir die eise.

Hierdie eise word ook gebring deur middel van die klas-aksie meganisme aangesien die geskiedenis bewys het dat daar mag in groot getalle lê en aangesien individuele litigasie nie bekostigbaar is vir die groot meerderheid HS beleggers nie.

Die gerugte wat die rondte gedoen het dat die plasing van Zephan en Orthotouch in sakeredding beteken dat alle litigasie gestaak word, is nie waar nie. Die Maatskappyewet bepaal uitdruklik dat litigasie teen ŉ maatskappy in sakeredding kan voortgaan met die toestemming van die sakereddingspraktisyn of indien die Hof so gelas. Indien die Hof dit gelas, kan daar dus voortgegaan word met litigasie al stem die sakereddingspraktisyn nie daartoe in nie.

Die uitgereikte aansoek bevat reeds ŉ versoek tot die effek en glo die HSAG Bestuur dat die Hof dit in die belange van geregtigheid sal sien om verlof te gee dat die litigasie voortgaan. In die HS 21 & 22 sertifiserings-aansoek het Regter Tolmay gelas dat die aansoek voortgaan ten spyte van Orthotouch en Zephan se plasing in sakeredding kort voor die aanhoor van die aansoek.

Weens die Covid-19 inperking is sekere hofprosesse tydelik gestaak en is dit ongelukkig buite die hande van die regspan. Sodra daar nuwe regulasies bekendgemaak word, sal die regspan dit evalueer ten einde te bepaal welke stappe geneem kan word om die proses verder te dryf. Die regspan wil u egter bedag maak daarop dat Covid-19 ŉ geweldige impak het op die effektiewe funksionering van die howe en dat geen waarborge gemaak kan word oor wanneer die aansoek aangehoor gaan word nie. Die ongelukkige realiteit is dat Covid-19 volgens wetenskaplikes nog nie ŉ hoogtepunt van infeksietoename bereik het nie.

Ons versoek ook dat u in ag neem dat die eis van beleggers se kapitaal ‘n siviele eis is, en nie strafregtelike verrigting is nie. U sal dus huidig in die media verskeie berigte lees waar regstappe geneem word, maar wys die regspan uit dat daardie regsprosesse hoofsaaklik strafregtelik is en deur die staat gedryf word. Ongelukkig word strafregtelike en siviele aangeleenthede nie op dieselfde basis hanteer deur die howe nie.

Die regspan sal spoedig berig sodra daar vordering gemaak word en is tans besig om sodanige stappe te neem, in ag genome die huidige Covid-19 inperking, om vordering te bewerkstellig.

Die HSAG Bestuur poog om te alle tye in die beste belang van al sy lede op te tree en is steeds van voorneme om, soos voorheen bekend gemaak, namens elke HSAG-lid wat opbetaal is te onderhandel indien daar enige skikkingsonderhandelinge sou plaasvind. Hierdeur word daar opgetree namens elke lojale lid wat dit vir die HSAG oor die jare moontlik gemaak het om, deur hul ondersteuning, hierdie punt te bereik.

7. ORTHOTOUCH EN ZEPHAN SAKEREDDING

Daar is voorheen berig rakende die inhoud van die gepubliseerde sakereddingsplanne vir Orthotouch en Zephan en die sigbare kortpadproses wat Du Toit as sakereddingpraktisyn blyk te volg.

Die HSAG se standpunt is steeds dat beleggers nie die BRP (Du Toit) aanbod moet aanvaar nie aangesien die aanbod net nog 'n poging is om beleggers beangs te maak (Du Toit dreig met likwidasie en die terugbetaling van rente). Hierdie dreigemente is daarop gemik om lede te ontsenu.

INDIEN DAAR VIR DIE SAKEREDDINGSPLANNE VAN ZEPHAN EN ORTHOTOUCH GESTEM MOET WORD, IS DIE HSAG SE ADVIES AAN SY LEDE OM NEE TE STEM.

Daar bestaan ŉ groot risiko dat indien beleggers die aanbod aanvaar deur 'n opsie te kies, hul regte en eise herskik word en Georgiou en andere wegloop met jou geld.

In die vorige Nuusbrief is berig dat die HSAG regspan ‘n skrywe gestuur het na Du Toit op 12 Mei 2020 waarin sekere punte uitgelig word oor die gepubliseerde sakereddingsplanne. Die HSAG regspan het ‘n verdere skrywe aan Du Toit se regsverteenwoordigers gestuur na daar nie ‘n antwoord op die substansie van die HSAG se skrywe ontvang is nie.

Op 13 Mei 2020 het RSG Geldsake gesprek gevoer met Jacques du Toit, Johan Stander (HSAG Bestuur), Helgard Hancke (HSBF en krediteurekomiteelid), Dr. Gerhard Holtzhauzen (sakeredding spesialis en krediteurekomiteelid) oor die gepubliseerde sakereddingsplanne.

Alhoewel die gesprek heeltemal te lank is om in tgeheel hier weer te gee, word Du Toit se antwoord op die beweringe van ongerymdhede wat gely het tot die verlies van beleggers se kapitaal en Du Toit se ondersoek daarna word hier weergegee:

JACQUES DU TOIT:
"*Dan as ons kyk na Gert, in terme van Gert en... en Johan se vraag, daardie saam antwoord want dit gaan oor die... oor Artikel 141 se ondersoek. Dis baie duidelik uit my besigheidsplan uit, soos ek sê, dat die inligting tot my beskikking is weergegee in die besigheidsplan. As daar enige ander inligting beskikbaar word aan my, sal ek dit ondersoek.*

So ek het gevra in die eerste krediteurevergadering asook daarna, enige iemand wat vir ons vol... konkrete inligting het ten opsigte van bewerings van bedrog, moet dit asseblief vir my deurstuur. Ek... ek verwys nie na briewe en ons noem dit in Engels 'n "hunch". Ek soek nie briewe wat sê, ja, hulle vermoedens is X, Y en Z nie, dit is wat hulle vermoed nie. Gee vir my die bewyse dat ek dit ondersoek en dan ondersoek ons dit van daar af.

En ten opsigte daarvan, natuurlik sal ek dit verklaar as daar enige ongerymdhede plaasgevind het of misaanwending van fondse is. Maar gee vir my die bewyse wat ek nie het nie. Die bewyse wat ek het kom van die ouditeure af. Dis deel van die business rescue, van besigheidsreddingsplan. As julle dit ordentlik lees, sal dit... veral die aanhangsels soos dit van die ouditeure af, 'n vloei van kontant wat uiteengesit is, 'n vloei van eiendomme wat uiteengesit is en dit staan vry, as daar 'n eiendom is wat ontbreek of kontantvloei wat ontbreek, sê vir my dis die eiendom. Wat het van hierdie eiendomme geword?

Die R3.2 miljard waarvan die... weereens dit is dieselfde vraag wat jy gestel vroeër, dit wat oorgedra is wat... geld wat betaal is aan Zephan, hulle het die eiendom daarvan gekry nie, kan ek vir jou nie daarop antwoord nie. Dit wil sê ek... ek het reeds vraag geantwoord dat die eiendomme wat hanteer is, is reeds deel van die plan, reeds deel van die skikking van die... van die reëlingskema. En... en verder, ek... ons probeer nie enigsins probeer ek as reddingspraktisyn die beleggers skrikmaak of bang praat nie. Dis elkeen se eie besluit. Die meerderheid gaan besluit oor wat hulle voel. As hulle wil deel vorm van 'n... van 'n litigasieproses, hulle goeie reg om dit te doen want hulle is die afgelope 10 jaar al besig daarmee, nog geen gelde is gevorder nie. Verskeie ondersoeke is al gedoen, maar dis elke belegger se eie besluit. Geen beïnvloeding nie. Hy moet self besluit en die beleggers gaan besluit of die besigheidsreddingsplan voortgaan of nie."

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat daar nie werklike ondersoek na ongerymdhede plaasgevind het nie weens 'n gebrek aan bewyse, en dat Du Toit van mening is dat bewyse na hom gestuur moet word, en dat dit ondersoek moet word. Indien u enige bewyse van ongerymdhede het, moet u dit dus asseblief onder Du Toit se aandag bring by jacques@dtbbusinessrescue.co.za sodat dit ondersoek kan word deur hom.

8. UIT DIE PEN VAN ‘N BELEGGER

Beste HSAG-Bestuur

Nadat ek die artikel op Moneyweb ten opsigte van die besigheidsredding vir die soveelste keer gelees het voel ek genoop om ’n ope brief hier te rig.

Eerstens wonder ek hoekom daar net ’n mening verkry is van twee persone van die krediteurs komitee? Hopelik was almal genader.

Daar is 6 lede op die komitee, naamlik:

- *Helgard Hancke - voormalige Bestuurslid van HSAG wat geskik het met Nic Georgiou namens sy vrou, wat werk vir Georgiou onder die vaandel van Hoëveld Sindikasie Beleggers Forum (“HSBF”);*
- *Don Dawson - voormalige lid van die klas-aksie wat dieselfde roete as Hancke gevolg het;*
- *JP Smit - wie ek geen kennis van dra nie;*
- *Bethuel Khobane - wie ek geen kennis van dra nie;*
- *Dr Gert Holtzhauzen - 'n gespesialiseerde besigheidsreddingspraktisyn.*

As ek so na die name op hierdie lys kyk dan lyk dit vir my dat Dr. Gert Holtzhauzen, wat 'n gespesialiseerde besigheidsreddingspraktisyn is, dalk die enigste een is wat die proses baie goed ken so ek aanvaar om sy opinie te kry was uit ’n regsoogpunt die korrekte besluit.

Geen kommentaar van Don Dawson, JP Smit en Bethuel Khobane was gelewer nie en ek sou graag hul kommentaar as komiteelede ook wou hoor?

Maar nouja, nou kom ek by die een persoon wie se kommentaar wel in die artikel verskyn het, Helgard Hancke.

Helgard Hancke (wie ons as HSAG-Lede almal baie goed ken) is ‘n voormalige Bestuurslid van HSAG wat geskik het met Nic Georgiou namens sy vrou. Hy werk vir Nic Georgiou onder die vaandel van die HSBF. Hancke werk sekerlik nie verniet nie, alhoewel hy te kenne gee dat hy ’n onafhanklike persoon is. Hy word die voorsitter van die HSBF genoem in die artikel (ons weet almal wie die web vir hom daargestel het). Die HSBF stuur nuusbriewe aan beleggers ten opsigte van die Accelerate JSE opsies (waar het hy

al die beleggers se kontak besonderhede verkry?). In daardie nuusbriewe word finansiële advies aan beleggers voorgehou sonder dat hy (Hancke) ŉ finansiële adviseur is.

Dit gaan my verstand te bowe dat hierdie man wegkom met die feit dat hy klaarblyklik "nie werk vir Nic Georgiou nie" maar wel toegang het tot alle besonderhede van elke belegger binne Orthotouch. Dit laat ŉ wrang smaak dat hy homself aanmatig om op elke platvorm vir Jacques Theron, Johan Stander en ons HSAG-bestuur sleg te maak.

Vergewe my dat ek so stoom afblaas, maar Helgard Hancke kan nie bereik word op sy Facebook blad nie (hy het my geblok). Ek neem aan dit is omdat hy nie hou van kritiek nie, of wil hy nie hê ander moet bewus word van enige waarhede nie? Ek vra dus dat hierdie brief in die volgende HSAG nuusbrief verskyn. Op daardie manier weet ek vir ŉ feit dat my boodskap van misnoeë hom sal bereik.

Vir al die beleggers binne die klas-aksie wil ek net sê om moed te hou. Ons het die beste regspan wat ons bystaan. Ek weet dis ŉ lang pad wat ons reeds geloop het en dat Covid-19 dit nog moeiliker maak, maar met die hulp van Onse Vader en ons regspan sal ons wen, dit is hoe ek na ons saak kyk en daarin glo.

Groete

Sunette du Plessis

9. ONLANGS IN DIE MEDIA: ORTHOTOUCH: ADMINISTRATIEWE FOUTE HET GELEI TOT "VALSE PERSEPSIE VAN ONBEHOORLIKHEID"

ŉ Finansiële joernalis van Moneyweb het onlangs dié artikel gepubliseer. Soos in vorige nuusbriewe gaan ons voort om ŉ vertaalde en verkorte weergawe van die artikel te gee, maar ons wil u graag uitnooi om die amptelike artikel in Engels te lees op die Moneyweb webtuiste. 'n Skakel na die oorspronklike artikel volg onder hierdie vertaalde weergawe.

'n Klaarblyklike administratiewe fout het 'n "valse persepsie van onbehoorlikheid" geskep wat verband hou met die verkoopstransaksies van 31 eiendomme deur die voormalige eiendomsmagnaat Nic Georgiou en die Highveld Syndication ("HS") maatskappye via Orthotouch aan Accelerate Property Fund in 2013. Die fout hou verband met die oordragprokureurs wie glo verkeerde verkoopspryse by die aktekantoor ingedien het.

Dit is een van die belangrikste bevindinge vanuit die sakereddingsplan van Orthotouch en Zephan en die daaropvolgende kommunikasie tussen Moneyweb en Jacques du Toit, die sakereddingspraktisyn (BRP) van die twee ondernemings.

Du Toit se bevindings volg op 'n Moneyweb-ondersoek na die verkoop van 16 eiendomme aan Accelerate, in welke ondersoek bevind is dat Orthotouch 'n verlies van R782 miljoen gely het as gevolg van die transaksies.

Volgens die sakereddingsplanne is die rede vir die vals persepsie die feit dat die oordragsprokureurs verkeerde waardes gebruik het vir die oordrag na Orthotouch wat ŉ wanpersepsie tot gevolg gehad het dat Orthotouch die eiendomme teen ‘n hoër prys gekoop het vanaf die HS maatskappye of van Zephan, en dat dit toe verkoop is aan Accelerate teen aansienlike afslag. Hierdie persepsie is verkeerd volgens Du Toit en heeltemal onwaar, aangesien die verkeerde waardes die valse persepsie van onbehoorlikheid geskep het.

Die plan verwys ook na vorige Moneyweb-verslae en lui dat dit duidelik is dat die beweringe en joernalistieke ondersoeke wat gepubliseer is nie die feitelike inligting wat vir die publiek beskikbaar was, aan die lig gebring het nie, en dit kan net geïnterpreteer word dat die beweerde ondersoeke “lessenaar” ondersoeke was sonder om die onderskeie transaksies en feite behoorlik te ondersoek.

Prokureurs het nie verkeerde bedrae ingedien nie.

Moneyweb kan egter bevestig dat die oordragprokureurs nie verkeerde transaksiebedrae ingedien het nie.

Nie net het die oordragprokureurs, Connie Myburgh en Vennote (CM&P), ten sterkste ontken dat die verkeerde kooppryse by die aktekantoor ingedien is nie, die volmagte wat by die aktekantoor ingedien is, onderteken deur Georgiou self of verteenwoordigers van entiteite aan hom, bevestig die transaksiebedrae. (Dit is die geval by die aktekantoor indienings van 13 uit die 16 eiendomme; Moneyweb kon nie dokumente in verband met drie transaksies kry nie.)

Nic Georgiou het ŉ volmag onderteken met betrekking tot die verkoop van 1 Charles Crescent deur Zephan aan Orthotouch vir R 216.4 miljoen. (Volgens Du Toit moes die korrekte bedrag die R107 miljoen gewees het.)

Volmag: Michael Georgiou het ook ŉ volmag onderteken wat verband hou met die verkoop van Leaping Frog aan Orthotouch vir R231.9 miljoen. (Volgens Du Toit moes die korrekte bedrag R140,3 miljoen gewees het.)

Dit beteken dat die kooppryse wat by die aktekantoor ingedien is in die werklike verkoopsooreenkoms verskyn het, en dat die oordragprokureurs nie ŉ fout gemaak het nie.

Verkoop van eiendomme

Die transaksies dateer terug na 2013 toe verskeie entiteite wat met Georgiou en die HS-ondernemings verband hou, 31 eiendomme vir R1,3 miljard aan Accelerate verkoop het. Van besondere belang was 16 eiendomme wat Georgiou-entiteite in rug-aan-rug-transaksies via Orthotouch aan Accelerate verkoop het.

Volgens bedrae wat in die titelaktes van die eiendomme uiteengesit is, het Georgiou-verwante entiteite die eiendomme vir R1,49 miljard aan Orthotouch verkoop, wat dit onmiddellik en sonder oordrag vir R708 miljoen aan Accelerate verkoop het, wat 'n verlies van R782 miljoen vir Orthotouch tot gevolg gehad het.

Volgens Du Toit is die verkeerde kooppryse by die aktekantoor ingedien wat verband hou met die eerste deel van die transaksie, die verkoop van eiendomme tussen Georgiou-entiteite en Orthotouch. Die regte kooppryse is volgens hom ingedien vir die tweede deel van die transaksies, die verkoop van eiendomme deur Orthotouch aan Accelerate.

Verkoopsooreenkomste

Die volmag-dokumente wat by die aktekantoor ingedien is, as deel van die dokumentasie van 13 uit die 16 transaksies, is namens Zephan deur Georgiou onderteken, en deur sy seun Michael namens die ander Georgiou verwante entiteite. Dit dui daarop dat wortel van die oënskynlike foutiewe indiening van kooppryse nie voor die deur van die oordragprokureurs gelê kan word nie, soos Du Toit beweer. Moneyweb het vrae gerig aan Georgiou, Hans Klopper, die sakereddingspraktisyn van die HS-maatskappye, en Myburgh in sy hoedanigheid as voormalige direkteur van Orthotouch en destydse mede-eienaar van CM&P. Georgiou het nie reageer nie, en Klopper het geweier om te reageer via sy prokureur.

Myburgh het ontken dat verkeerde waardasies by die aktekantoor ingedien is.

Volgens Myburgh het CM&P die kooppryse ingedien ooreenkomstig die inligting vervat in die tersaaklike verkoopsooreenkomste wat sy kliënt aan hom verskaf het in die uitvoering van sy pligte as aangewese aktebesorgers, soos gebruiklik in die praktyk. CM&P het nie die ooreenkomste opgestel nie en daar is ook nie 'n beroep op hulle gedoen om die akkuraatheid of nie van die kooppryse te kontroleer nie. Volgens Myburgh het CM&P slegs op die instruksies van sy kliënt opgetree in ooreenstemming met sulke instruksies.

Moneyweb het ook korrespondeer met die werklike oordragprokureur, wie ook gesê het dat die oordragte uitgevoer is ingevolge die ondertekende verkoopsooreenkomste.

Myburgh was ook destyds 'n direkteur van Orthotouch, maar in antwoord op vrae het hy gesê dat hy nie weet of die bedrae wat in verkoopsooreenkomste gemeld is, ooreenstem met die pryse wat by die aktekantoor ingedien is nie.

Myburgh het gesê dat hy nie weet nie of die koopbedrae wat in die oorspronklike verkoopooreenkomste gelys is, ooreenstem met die pryse wat by die aktekantoor ingedien is nie. Volgens Myburgh is dit is 'n stelling wat Moneyweb maak, en wat inaggenome die “gebrekkige” aard van die Moneyweb “ondersoeke” met omsigtigheid beskou moet word.

Volgens Myburgh is die verkoopsooreenkomste gekonsepsualiseer en opgestel deur die professionele span van Orthotouch, en die direksie het daarop staatgemaak. As die professionele span 'n fout begaan het, was dit 'n nie-opsetlike, goeie trou, administratiewe fout, wat geen skade of verliese veroorsaak het nie, en dit het geen invloed gehad op die transaksies en die uitkoms daarvan, soos deur die sakereddingspraktisyn gesê nie.

Myburgh het gemaan dat sy volle korrespondensie met Moneyweb woordeliks gepubliseer moet word. U kan dit beskou by die skakel wat aan die einde van die vertaling verskyn.

(Dit is ook belangrik om daarop te let dat Moneyweb in 2019 breedvoerig met Georgiou, Klopper en Accelerate gekorrespondeer het oor die verliese wat Orthotouch gely het as gevolg van die transaksies, en hulle het nooit die feit dat verkeerde verkoopspryse by die aktekantoor ingedien is, geopper nie.)

Du Toit het nie met die oordragprokureur geraadpleeg nie.

Ondanks Du Toit se bewerings dat die oordragprokureur die verkeerde koopppryse aangebring het, het hy die vraag nie by Myburgh geopper, in sy hoedanigheid as direkteur van Orthotouch of as mede-eienaar van die oordragfirma nie, en ook nie as die eintlike prokureur wat die transaksies by die aktekantoor namens CM&P ingedien het nie.

In antwoord op vrae het Du Toit gesê dat die waardes verkeerd bly, ongeag die oordragprokureur se liassering. Hy het bygevoeg dat die prokureur wat die kontrak opgestel het dit moet verduidelik aangesien dit verkeerd is.

Op die vraag waarom Georgiou kontrakte met die verkeerde koopppryse onderteken het, het Du Toit gesê dat hy “Nic” gevra en dat geantwoord het dat die dokumentasie aan hom voorgelê is en hy het dit onderteken sonder om die koopppryse na te gaan aangesien hy verwag het dat die dokumentasie korrek sou wees.

Du Toit het gesê die foutiewe indienings nie noodwendig 'n onreëlmatigheid was nie en glo dat die verkeerde waardes 'n fout in goeie trou was sonder dat enige party skade berokken is, aangesien geen geld van hande verwissel het ten opsigte van sulke transaksies nie. Hy het bygevoeg dat Orthotouch die eiendomme teen die regte waardes hanteer het. Daar was geen wanbesteding deur Orthotouch of Zephan volgens sy inligting nie.

Markwaardes

